WORD MOONTLIKE MEDIESE BEHANDELING VIR COVID-19 ONDERSOEK?

Op die oomblik is daar medikasie wat vir ander siektes gebruik word, wat wetenskaplikes dink moontlik effektief mag wees om COVID-19 mee te behandel.

Daarom doen die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) mediese navorsing in verskeie lande om die medikasie te toets.

Suid Afrika is een van baie lande waar hierdie navorsing gedoen word. Die Suid Afrikaanse studies word net in hospitale gedoen wat geregistreerd is en wat gemonitor word.

Enigiemand wat genader word om aan die studie deel te neem sal gevra word om toestemming daarvoor te gee. Niemand kan teen hulle wil geforseer word om aan die studie deel te neem nie. In Suid-Afrika, kan niemand sonder ingeligte toestemming deelneem aan ‘n studie nie.



Die resultate van hierdie navorsing is nog nie beskikbaar nie. Sodra dit beskikbaar is, sal dit gebruik word om pasiënte met COVID-19 te behandel, sodat minder mense sterf as gevolg van COVID-19.

Hierdie boodskap word deur die People’s Health Movement of South Africa gestuur .
Vir meer inligting: C19 PC webwerf www.c19peoplescoalition.org.za en PHMSA webwerf www.phm-sa.org of secrateriat@phm-sa.org. Vervaardig in April 2020.

PEOPLE’S COALITION

PASOP VIR FOPNUUS

Gedurende ‘n gesondheidskrisis, kan fopnuus lewensgevaarlik wees. Moenie alles glo wat mense vir jou stuur nie. Voordat jy die inligting deel:

MAAK SEKER:

Identifiseer die person hom of haarself?

Verduidelik die persoon waarom hy/sy kwalifiseer om ‘n opinie te gee?



Verwys hulle na ‘n geloofwaardige inligstingsbronne soos die Departement van Gesondheid of die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO)?

Gee die persoon aan jou die geleentheid om gekontak te word, sodat die inligting geverifieer kan word?

As die antwoord op enige van hierdie vrae NEE is… Moenie die inligting verder versprei of enige aksie neem as gevolg van die inligting nie.

As jy inligting ontvang wat lyk soos fopnuus, rapporteer dit aan fakenewsalert@dtps.gov.za of na WhatsApp 067 966 4015.

Hierdie boodskap word deur die People’s Health Movement of South Africa gestuur .
Vir meer inligting: C19 PC webwerf www.c19peoplescoalition.org.za en PHMSA webwerf www.phm-sa.org of secrateriat@phm-sa.org. Vervaardig in April 2020.

C19 PEOPLE'S COALITION

ID-192.

IS DAAR 'N ENTSTOF VIR COVID-19?

Mediese wetenskaplikes wêreldwyd werk aan ‘n entstof.

Maar, huidiglik, (12 April 2020) is daar nog geen entstof gereed vir toetsing of gebruik nie.

Dit mag verander sodra ‘n moontlike entstof beskikbaar word in die toekoms. Dit sal eers in ‘n studie getoets moet word.

Daar is ‘n griep entstof wat nie teen COVID-19 werk nie, maar wat wel help om ander vorms van griep te voorkom.

Hierdie boodskap word deur die People’s Health Movement of South Africa gestuur . Vir meer inligting: C19 PC webwerf www.c19peoplescoalition.org.za en PHMSA webwerf www.phm-sa.org of secrateriat@phm-sa.org. Vervaardig in April 2020.

PEOPLE'S COALITION

OM VEILIG TE WEES TEEN COVID-19
IS 'n MENSEREG.

Jy is geregtig op inligting – fopnuus is ‘n skending van jou reg.

Jy het die reg tot gesondheid – toetsing vir COVID-19 sal jou en die mense om jou reg beskerm.

Jy het die reg tot voordeel van die mediese wetenskap – wanneer navorsing na COVID-19 behandeling voltooi is.

Jy behoort die beste behandeling wat werk te kan kry , en sodra die navorsing na ‘n COVID-19 entstof voltooi is, behoort jy toegang te kan kry tot ‘n veilige entstof wat jou lewe beskerm.

Hierdie boodskap word deur die People’s Health Movement of South Africa gestuur . Vir meer inligting: C19 PC webwerf www.c19peoplescoalition.org.za en PHMSA webwerf www.phm-sa.org of secrateriat@phm-sa.org. Vervaardig in April 2020.

PEOPLE’S COALITION

IS DAAR BEHANDELING VIR COVID-19?

Op die oomblik is daar geen bewysde behandeling teen COVID-19 nie.



Vir nou is die doel van mediese sorg om mense wat siek is te ondersteun deur medikasie vir pyn of koors te voorsien, en om mense te versorg en te monitor in ‘n hospitaal wanneer dit nodig is.

Bejaarde mense en mense met ander siektes mag dalk sieker word.

Ongeveer 5-10 uit elke 100 mense mag hospitaalsorg benodig sowel as suurstof om hulle te help om asem te haal.

Hierdie boodskap word deur die People’s Health Movement of South Africa gestuur . Vir meer inligting: C19 PC webwerf www.c19peoplescoalition.org.za en PHMSA webwerf www.phm-sa.org of secrateriat@phm-sa.org. Vervaardig in April 2020.

PEOPLE’S COALITION